**FRANSJOHAN PRETORIUS: KOMMANDOLEWE TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899-1902. HUMAN & ROUSSEAU, KAAPSTAD, 1991. 491 bladsye. Prys nie vermeld nie.**

Die negentigerjare het tot dusver twee voortreflike wetenskaplike geskiedpublikasies in Afrikaans opgelewer. Albei studies is verwerkings van oorspronklike doktorale proefskrifte en publikasie is in albei net moontlik gewees vanweë swaar subsidering. Dit is jammer dat twee sulke besondere werke soos dié studie van Fransjohan Pretorius en die een van Dan Sleigh oor die VOC-voorposte nie vir bekroning in aanmerking kan kom nie. Werke wat vir die Stals-prys oorweeg word, mag nie gepubliseerde proefskrifte wees nie.

Belangstelling in die Anglo-Boereoorlog het die afgelope drie dekades 'n oplewing getoon. Met hierdie besondere studie sluit Pretorius nie net by daardie belangstelling aan nie, mnaar bereik hy ook 'n ander modebewuste doel: 'n studie oor die gewaarwordinge en ervaringe van die gewone man. Daarmee is doelbewus wegbeweeg van die rol en aandeel van politieke en militêre leiers in dié oorlog. Verblydend is dat Pretorius bly by die histories-korrekte benaming van die oorlog naamlik die Anglo-Boereoorlog. Die pogings, veral uit Britse en Engelse geledere, om die aandag van die sentrale kwessie weg te lei deur na die oorlog as die Suid-Afrikaanse Oorlog te verwys, is 'n deursigtige poging om die Britse imperialistiese oogmerke met die oorlog te verbloem.

Pretorius se studie is 'n hoogstaande wetenskaplike werk. Die deeglike bespreking en verantwoording van bronne, getuig van die diepte navorsing en kritiese ontleding wat die werk kenmerk. Sy doelbewuste identifisering van onobjektiewe elemente in die bronne en sy kritiese houding teenoor romantisering of selfregverdiging versterk rasionele benadering van 'n onderwerp wat dikwels in die verlede deur emosionele identifisering met as objektiewe evaluering van persone en gebeure gekenmerk is.

Die Anglo-Boereoorlog was van Boerekant gesien 'n volksoorlog geveg deur 'n volksleër. Daarom is bronne wat oor die ervaringe van die nie-offisiere korps handel, skaars. Nogtans het Pretorius daarin geslaag om 'n verrassende hoeveelheid inligting uit persoonlike briewe, herinnneringskrifte en amptelike verslae bymekaar te maak. Hy het selfs moeite gedoen om inligting oor die ongeletterde kommandolewe te bekom. Die stof word in tematiese vorm verwerk. Daarom handel die eerste drie hoofstukke oor bevoorrading van die burgers, hoofstukke 4-6 oor die ervaringe op kommando, hoofstuk 7 oor dissipline op

kommando en hoofstukke 8-10 oor verhoudinge tussen mense. Laasgenoemde sluit in onderlinge verhoudinge tussen kommandolede, verhoudinge met nie-wittes en laastens met vroue.

Dit sou 'n groot onreg wees om in 'n kort bespreking van die werk die aandag te wil vestig op aspekte wat die negatiewe kant van die kommandolewe belig soos swak dissipline, dronkenskap, onsedelikheid ensovoorts. Dit is die verdienste van Pretorius se werk dat hy deurgaans die aandag op die gewoon en eg menslike ervaring van die burgers laat val. Daar is geen poging om sensitiewe aangeleenthede in 'n "mooi" lig te stel nie. Maar uiteindelik bring die onbevooroordeelde aanbieding van die stof 'n duidelike beeld na vore: die beeld van 'n heroïese stryd geveg deur gewone en eenvoudige mense wat in hulle eg-menslike optrede die waarde en betekenis van die oorlog as 'n ware volkstryd uitbeeld.

Die kern van die gevolgtrekkings is in drie vrae vervat wat die hoogtepunt van die studie verteenwoordig. Waarom het 20 000 van die tussen 55 000 en 60 000 burgers wat op een tydstip onder die wapen is, die stryd tot die bittereinde gevoer? Tweedens, waarom het die Boereleiers uiteindelik besluit om vrede te sluit? Derdens, wat was die burgers se reaksie op die aankondiging dat vrede gesluit is en hulle alles verloor het waarvoor hulle 32 maande se swaarkry en beproewing deurstaan het?

In sy indringende ontleding van hierdie drie vrae neem Pretorius in aanmerking dat tussen Maart en Julie 1900, na die verbrokkeling van die republieke se verdedigingsfront tussen 12 00 en 14 000 burgers die wapen neergelê het. Tussen Januarie 1901 en Mei 1902 het 'n verdere 6 000 die stryd gewonne gegee. Eiebelang het by hulle swaarder geweeg as vaderlandsliefde en die volksbelang. Die bittereinders het aangehou omdat vaderlandsliefde en vryheidsliefde by hulle die oorweginge van eie gerief en belang oorskadu het. Hulle sterk godsdienssin het hulle ook laat glo dat daar 'n doel in dit alles is. Die verskroeide aarde beleid het ook die teenoorgestelde uitwerking op hulle gehad as wat Kitchener gehoop het. Dit het hulle oortuig dat daar niks was om na terug te keer nie en het hulle vasberade gemaak om voort te veg. Pretorius verwys ook na 'n vyftal verdere faktore wat 'n rol gespeel het (bladsye 358-363).

Die sestal redes waarom die leiers besluit het om wel vrede te sluit (bladsye 364-367) dui op die besef dat daar eintlik geen hoop meer bestaan het om op enige wyse 'n ander verloop aan sake te gee nie. Die lyding van vroue en kinders, die vyandige houding van swart stamme en die gebrek aan lewensmiddele, wapens en ammunisie was die vernaamste redes.

Die nuus van die vredesluiting was vir sommige burgers 'n traumatiese ervaring - hulle geloof is daardeur ten diepste geraak. Maar die meeste burgers se geloof in God het behoue gebly: "P.J. du Plessis vertel dat die murmurering en onderlinge redenering oor die teleurstellende vrede by die burgers in die Oos-Kaap weldra uitgeloop het op 'n doodse stilte, en 'n gelatenheid en berusting in die alwyse raad van die Verbondsgod" (bladsy 369). Izak Meyer vertel van die oorgaweplegtigheid op Oorlogspoort tussen Calvinia en Vanrhynsdorp: "Een vir een kom hulle nou. Daar is nie 'n man wat nie trane in sy oë het nie".

Die werk van Pretorius kan op 'n verskeidenheid maniere in die geskiedenisklaskamer aangewend word. Daar kan ook interessante vergelykings met hedendaagse gebeure getref word. Laat die leerlinge byvoorbeeld die produksie van eie wapens (bladsye 30-32) vergelyk met Suid-Afrika se pogings om deur Krygkor en ander filiale op wapengebied selfstandig te bly. Nog 'n voorbeeld: 'n vergelyking van die konsep volksleër (bladsy 18) met die kaders van MK en APLA.

Die belangrikste gebruik van die boek vir leerlinge lê egter op twee ander terreine. Eerstens om 'n bewussyn te kweek van hoe gewone, eenvoudige, onopgeleide mense oorlog ervaar. Tweedens die evaluering van die oorlog en sy betekenis soos gesien deur die oë van 'n gewone burger. Dan sal leerlinge eers besef waarom die oorlog so 'n sentrale plek ind ie Afrikaanse volkslewe en geskiedenis inneem. Dan sal hy ook beter begryp wat byvoorbeeld die Amerikaanse Vryheidsoorlog vir Amerikaners en die Tagtigjarige Oorlog vir die Nederlanders beteken het.

P.H. Kapp